


Towerlantern Fotografie
fotografienuus
maart 2017



Fotografienuus is nou reeds in sy vyfde bestaansjaar – en dit is hoog tyd dat dié blaadjie 'n nuwe baadjie aantrek. En, saam met *Zinnia elegans* hierby, word jy hartlik verwelkom. Geniet al die nuuswaardighede en –brokkies.

Miskien is daar lesers wat onbewus is daarvan dat Towerlantern 'n Facebook-blad bedryf. Ons besef dat daar dalk lesers is wat nie gereelde Facebook-lesers is nie of ander wat hoëgenaamd nie na Facebook wil kyk nie. Towerlantern se Facebook-blad is egter anders want dit is bedoel om opvoedkundig te wees en nie om 'n kletsblad te wees nie.

Gedurende weksdæ is daar elke week 5 verskillende rubrieke met 'n opvoedkundige inslag, naamlik

- *Foto's van ons fotografievriende* (waarin foto's van klasgroepe of individue vertoon word, soms ook met fotografiese inligting daarby).
- *Kunsfotografie* (waarin een of ander kunsfotograaf of kunsonderwerp bespreek word).
- *Kamera- en fotowenke* (waarin wenke of selfs opdragte vir foto-entoesiaste gegee word).
- *Uit die verlede* (waarin daar in die verlede rondgekrup word vir interessante brokkies inligting).
- *Op internet gesien* (waarin op die internet rondgesoek word na nuuswaardighede, snaakse goeters, vreemde foto's, ensovoorts).


Om 'n idee van elk van hierdie rubrieke te gee en ook om lesers te betrek wat nie normaalweg by Facebook uitkom nie, word hieronder toeligting gegee van elk van hierdie vyf onderwerpe. Volg gerus die skakels wat gegee word.

foto's van ons fotografievriende

Ons studente is altyd gefassineer met die volmaan, maar vind dit dikwels 'n groot uitdaging om dit af te neem.

Maryke Schoonen, een van ons fotografievriende, het die volmaan bietjie anders benader en foto's met atmosfeer geneem.

Sy skryf: "Graag wil ek net 'n foto deel wat ek so pas geneem het van die pragtige maan. Die maan is so mooi helder vanaand, met wolkies wat gesorg het vir baie pret agter die kamera. Hier het ek 'n foto vasgevang van die maan se strale." Stuur gerus jou storie en foto na Towerlantern.



kamera- en fotowenke

Fotografeer wonder dikwels waarmee hulle hul fotografies kan besig hou – dis nou as hulle by die huis is en nie by die see of op reis nie. Hier is 'n klompie idees. Stuur jou pogings gerus na johan@towerlantern.co.za vir bespreking en plasing.

Idee 1: Neem foto's van oggend- of aandskemering. Die klem moet egter nie val op die skemering nie maar op kleur. En dit moet gebeur sonder agterna-verwerking.

Idee 2: Stel 'n eenvoudige stillewe op voor 'n spieël. Neem foto's van die stillewe en sy weerkaatsing (apart van mekaar in die foto; en beide moet ewe skerp wees). Die fotograaf en die kamera mag nie sigbaar wees nie.

Idee 3: Identifiseer 'n stillewe van 'n bekende skilder. Let op na sake soos ligspel, skaduwees, kleure, ens. Doen die skildery na met jou eie opstelling en kamera.

Idee 4: Neem interessante foto's van skemeraand-straattonele. Die klem moet op beweging en kleur val.

Idee 5: (Uitdagend, maar sien die voorbeeld hierby) Neem 'n buitenshuisse foto van die binnekant van 'n vertrek in jou huis. Die kamera moet loodreg op die venster gerig wees. Die kamera mag nie sigbaar wees nie en die fotograaf ook nie. Beskou dit asof jy hierdie foto neem vir plasing in 'n glanstydskrif.



kom neem
saam foto's

Van tyd tot tyd bied ons 'n geleentheid aan om saam foto's te neem. Die datums is nie vas nie, aangesien daar soms 'n vinnige geleentheid opduik. Ons beplan 'n volgende geleentheid teen die einde van Maart. Hou jou e-pos dop.

Towerlantern Fotografie
- maart 2017 -

Dink *wyd* oor fotografie

Ons leuse by Towerlantern is steeds "Dink wyd oor fotografie". Maar hoe wyd is wyd? Ek dink wat fotografie betref is daar geen perk nie – behalwe miskien jou eie sienswyse. Op 'n manier kan alle foto's waarskynlik op 'n spektrum van "lig" tot "donker" (metafories bedoel) geplaas word. En by sekere gebiede in hierdie spektrum is jy gemaklik en by ander minder gemaklik.

As jy bloot net lus voel om te sien hoe nie-fotograwe, byvoorbeeld musici, ook wyd dink, kyk dan vir 'n lekker verrassing na <https://youtu.be/OVqTwnAuHws>

uit die verlede

Moenie dink dat onse kameras iets nuuts is nie. Miskien is digitale kameras nuut, selfs die ou filmkameras. Maar die onderliggende idee aan 'n kamera strek veel verder; so ver as die dæ van die sogenoemde camera obscura (donker kamer, as jy wil) en nog verder terug.

Die bekende Leonardo da Vinci was 'n groot baanbreker op hierdie gebied. Lees meer oor dié ontwikkeling by die onderstaande adres.

<https://owlcation.com/humanities/Leonardo-da-Vincis-Camera-Obscura>

op internet gesien

Studente van Towerlantern Fotografie wonder dikwels wat van hulle gaan word as hulle klaar is met 'n kursus. Ons laat hulle egter nie alleen nie – hulle word as't ware deel van die klub. Ons gee voorstelle van wat om verder te doen.

Een van die voorstelle is om 'n fotografievriend te identifiseer met wie jy foto's kan deel. Maar "deel" moet beteken dat opbouende kommentaar ook gelewer mag word.

Een van ons aanlynstudente, **Luzelle Andrews** wat saam met haar gesin in Luxemburg bly, en wat pas haar aanlynkursus klaargemaak het, skryf onlangs die volgende:

"Baie dankie vir die idees om voort te gaan met fotografie; byvoorbeeld om 'n fotografievriend te kry. Ek het juis die naweek toe ons weg was (na België) 'n vroultjie ontmoet, Almyra van Kanada, wat my gevra het om vir haar van my foto's te stuur wat ek hierdie naweek geneem het. Ek het nogal gedink sy sal 'n goeie fotografievriendin vir my maak."

Hierdie is sommer net 'n lekker storie. Kyk na Almyra se werk by

<http://www.almyra.ca/>

Daar is miskien nuwe lesers wat nie daarvan bewus is dat Towerlantern Fotografie ook 'n webblad het nie. Besigtig gerus van tyd tot tyd hierdie webblad en/of bring dit onder die aandag van vriende. Adres: <http://www.towerlantern.co.za/>

kunsfotografie

Fotografie maak dat jy die wêreld om jou op allerlei nuwe maniere sien.

Die begrippe "natuurlike landskappe" en "kulturele landskappe" mag vir jou vreemd wees, maar dit is nie heeltemal onverstaanbaar nie. Maar het jy al ooit gehoor van "veranderde landskappe"?

Die fotograaf Robin Lasser doen presies dit – sy plaas iets in 'n landskap om 'n heel nuwe "skepping" daar te stel. Lees haar uitgangspunt en die boodskap wat sy wil oordra by <http://robinlasser.com/>. En laat dit vir jou as inspirasie dien om ook nuwe foto-idees aan te durf.

'n saak van groter omvang

Ons sluit af met 'n vraag om jou aan die dink te sit, naamlik: Waar bewaar jy jou foto's en hoe veilig is dit?

Vir die doel van hierdie gesels aanvaar ons jou foto's is van hoogstaande gehalte en jy is 'n bekende fotograaf. Wat doen jy met jou foto's *om dit vir die nageslag te bewaar*?

Ek noem 'n klompie moontlike antwoorde, beginnende by die onsinvolstes:

- **Antwoord:** Ek hou my foto's op my kameraskyfie.
Vraag: Vir hoe lank? En wat as jou kamera gesteel word?
Wenk: Laai jou foto's eerder daagliks af.
- **Antwoord:** Ek laai my foto's gereeld af (op rekenaar en eksterne geheue).
Vraag: Weereens, vir hoe lank? En wat van diefstal?
Wenk: Hou verskillende rugsteune, nie net een nie.
- **Antwoord:** Ek laai die foto's op na "in die wolke".
Vraag: Hoe seker is jy dat dit oor 10 jaar nog daar gaan wees?
Wenk: Op hierdie stadium is "in die wolke" dalk die veiligste. Doen dit dus so.
- **Antwoord:** Ek stoor – argiveer – my foto's by 'n bekende instelling, byvoorbeeld 'n universiteit.
- **Opmerking:** Mooi geantwoord, goeie en getroue argiveerder.

Die fotograaf David Goldblatt (gebore 1930) is oor dekades 'n bekende Suid-Afrikaanse fotograaf. Goldblatt werk al sedert 1963 as professionele fotograaf. Besigtig van sy werke by <http://www.goodman-gallery.com/artists/davidgoldblatt>

En nou het Goldblatt sy hele argief, bestaande uit negatiewe en afdrukke, wat by die Universiteit van Kaapstad gehuisves was, gaan haal omdat hy glo dat spraak- en artistieke vryheid nie meer by dié universiteit beskerm word nie. Dit nadat een van sy foto's deur vandale beskadig is. (Rapport, 26 Februarie 2017).

Redakteur: Johan de Klerk **Bladuitleg:** Fransa Vorster van Colourcode Designs